# WINDHOEK RESIESDUIFKLUB

# WEDVLUGREELS VIR 2020
# WEDVLUG SEISOEN

1. WEDVLUGREELS EN WEDVLUGPROGRAM BEPALINGS

1.1 Die WRDK bestuur in oorleg met die lede na aanleiding van voorstelle en opsies oorweeg op 'n wedvlugvergadering kan wysigings aan die reels en 'n nuwe program opstel vir die komende wedvlugseisoen.

2. OPMEET VAN HOKKE :

2.1 Aansoeke om afstande moet skriftelik gerig word aan die wedvlugsekretaris met vermelding van die aansoeker se adres, telefoonnommers (werk en huis) asook erfnommer, tesame met 'nfotostaat van sy aanvaarding as lid soos skriftelik aan hom oorgedra deur die keurkomitee.

2.2 'n Beraamde bedrag, soos deur die hoofbestuur bepaal om die onkostes met betrekking hiertoe te dek, sal betaalbaar wees aan die Tesourier. Indien so 'nbedrag te min blyk te wees, moet die uitstaande bedrag gedelg word voor die aanvang van die eerste wedvlug deur die lid, en so lank so 'nlid in gebreke bly, sal deelname aan wedvlugte hom geweier word.

2.3 Duiwehokbesigting sal gedoen word deur die wedvlugsekretaris en minstens een lid van die wedvlugkomitee.

2.4 Hokafstande van alle lede sal opgemeet word deur ’ngoedgekeurde firma van spesialiste soos deur die hoofbestuur bepaal en sal wees die direkte afstand tussen elke lid se hok en die loslatingspunt uitgedruk in km tot die derde desimaal.

2.5 Waar die bestuur of ’n individuele lid nie tevrede is met ’n lid of sy afstande nie, kan die bestuur sodanige lid opdrag gee om sy afstande te laat herbepaal.

2.6 ’n Lid mag slegs uit een hok vlieg of hokke wat aangrensend of nie verder as 30 meter van mekaar is nie.

2.7 Spanne

2.7.1 Lede kan meer as 1 span per hok vlieg, die spanne hoef nie apart geregistreer te word nie, die lid kan die duiwe rondskuif na sy goeddunke. Punte sal afsonderlik toegedien word.

2.7.2 Lede word toegelaat om oor al 3 kompetisies 3 spanne te vlieg.

## 3. REGISTRASIE VAN DUIWE EN INSKRYWING :

### 3.1 JAARLIKSE REGISTRASIE :

Lede moet elke jaar, voor die aanvang van die eerste wedvlug, ’n lys in duplikaat van al sy vliegduiwe wat ringe dra, anders as die wat deur die ringmeester uitgereik is, aan die wedvlugsekretaris voorsien vir registrasie.

## 3.2 INSKRYWINGSVORMS :

a) Duiwe vir wedvlugte ingeskryf moet op 'n voorgeskrewe wedvlugregistervorm ingeskryf word, soos van tyd tot tyd deur die bestuur bepaal. Sou 'n lid nie sy inskrywingsvorm inhandig nie geld die elektroniese inskrywing as sy inskrywingsvorm.

b) Alle letters en syfers soos aangeteken op die metaalring van die duif moet **numeries** in die wedvlugregistervorm aangeteken word, asook alle voorgeskrewe besonderhede verlang.

c) Vir elke wedvlug op die program moet 'n aparte vorm ingevul word en jaaroud en ope duiwe moet apart ingeskryf word.

d) Mannetjies en wyfies moet ook onder elke afdeling afsonderlik gegroepeer word.

e) Wedvlugregistervorm moet elke mandjieaand by die wedvlugsekretaris ingedien word nie later as 17h45 nie sodat mandjies toegeken kan word. Vorms wat laat ingedien word sal deur klokkomitee ingeneem word en gepaste tugstappe sal geneem word indien nodig.

f) Die wedvlugsekretaris sal mandjienommers toeken volgens klousule 5.6. Sy eie duiwe sal egter genommer word deur 'nander lid van die hoofbestuur, soos aangewys deur die voorsitter.

3.3 VERDWAALDE DUIWE :

a) Dit is verbode om verdwaalde duiwe aan te hou. Verdwaalde duiwe sal onmiddellik by die WRDK se wedvlugsekretaris aangemeld word met volle besonderhede van die duif se kleur en ringnommer.

b) Dit is die plig van alle lede om onmiddellik aan die wedvlugsekretaris van die WRDK te meld dat hy ’nverdwaalde duif in sy duiwehok het en hy sal die ringnommer van sodanige duif vermeld.

c) Die wedvlugsekretaris sal dadelik die eienaar van sodanige duif verwittig oor waar die duif is en as die eienaar versuim om sodanige duif binne vier (4) dae vanaf sodanige kennisgewing te verwyder, sal die lid in wie se duiwehok sodanige duif is, geregtig wees om daarmee te handel na goeddunke.

4. DUIWE WAT MAG DEELNEEM:

4.1 Duiwe moet die bona-fide-eiendom wees van die lid wat hulle inskryf.

4.2 Elke duif moet ’nonbeskadigde metaalring dra soos amptelik deur die klub uitgereik.

4.3 Geen duif wat ’n naam of adresring van watter aard ook al dra mag deelneem aan ’n wedvlug nie.

4.4 Alleenlik duiwe met Derby- of Nasionale-ringe gering of met ’n reeks ringe vir die spesifieke doel geregistreer of deur die hoofbestuur uitgereik en in die naam van die eienaar

wat hulle inskryf geregistreer mag aan sodanige wedvlugte deelneem.

4.5 Die aantal Derby-ringe wat uitgereik mag word en die hoeveelheid duiwe wat gevlieg mag word, op die vlug, sal op 'n algemene jaarvergadering bepaal word.

4.6 Jongduif wedvlugte (met ander woorde duiwe waarvan die ring later as 1 Januarie van die vorige kalender jaar is) is oop alleenlik vir duiwe met ringe uitgereik deur die WRDK of deur

4.7 'n ander goedgekeurde vereniging en geregistreer in die naam van die lid wat hulle inskryf, met dien verstande dat sodanige ringe nie uitgereik sal wees op 'ndatum voor die datum van die WRDK-ringe nie. In die geval van onbekende ringe, moet 'nsertifikaat van die vereniging wat hulle uitgereik het, met die strekking dat sodanige ringe nie voor die datum van die WRDK-ringe uitgereik is nie, ingedien word. Die bestuur word toegelaat om sy eie diskresie in die verband te gebruik.

4.8 Die grootste getal duiwe wat per lid per week ingeskryf mag word vir wedvlugte sal van jaar tot jaar tydens die bespreking van die wedvlugprogram van daardie spesifieke jaar bepaal word, of 'n jaar vooruit, welke die vergadering ook oor mag besluit.

## 5. PROGRAM EN LOSLATINGSPUNTE :

5.1 Die wedvlugprogram sal deur die hoofbestuur opgestel word na oorlegpleging met lede tesame met volle besonderhede oor die loslatingspunte, mandjiedatums,

loslatingsdatums, spesiale kompetisies, inskrywingsbeperkings, addisionele inskrywingsgeld ens., en sal aan elke lid beskikbaar wees ten minste twee maande voor die eerste wedvlug.

5.1.1 Indien nodig sal die bestuur 'n spesiale algemene vergadering uitroep om die program te finaliseer.

5.1.2 Enige lid kan insette tydens die vergadering lewer, slegs vlieënde lede mag egter stem op so 'n spesiale algemene vergadering.

5.2 'n Wedvlug sal alleen plaasvind en erken word as twee of meer lede deelneem met ten minste 20 duiwe in die vlug.

5.3 'n Wedvlug sal gekanselleer word alleenlik as die hoofbestuur so besluit, maar vervoer en oordragskoste sal onder geen omstandighede terugbetaal word nie.

5.4 Die voorsitter kan in uiterste gevalle, waar omstandighede dit vereis, in sy diskresie besluit oor die verandering van loslatingstyd, loslatingsplek, of kan selfs die begeleiers van die duiwe opdrag gee om die duiwe na die plek van inkorwing terug te bring indien sodanige omstandighede sou opduik nadat die duiwe die munisipale gebied van Windhoek verlaat het oppad na 'nloslatingspunt. Met dien verstande dat indien dit vir die begeleiers onmoontlik is om met die voorsitter in verbinding te tree, die loslating al dan nie van die duiwe in hulle diskresie sal wees.

6. <u>WYSE VAN INKORWING :</u>

6.1 Inkorwing geskied gesamentlik by die klubhuis en daar moet te alle tye ten minste 2 komiteelede teenwoordig wees voor met inkorwing begin of voortgegaan word.

6.2 'n Lid mag onder geen omstandighede optree in enige hoedanigheid by inkorwing terwyl sy eie duiwe, die van 'nfamilielid, of die van 'nvennoot of persoon wat van dieselfde adres as hy vlieg, ingekorf word nie, en die persone vermeld mag onder geen omstandighede te eniger tyd toegelaat word om die nommer van die verwyderbare vliegring te sien of te lees nie.

6.3 Alvorens enige duif in 'nwedvlugmandjie geplaas word, moet dit voorsien word van 'nverwyderbare elektroniese ring wat normaalweg vir die doel ontwerp en gebruik word.

6.4 Elke lid sal verantwoordelik wees om sy eie duiwe te mandjie, of 'ngoedgekeurde persoon soos deur hom aangewys, op die volgende wyse :

a) Die lid haal sy duiwe uit hul mandjies by 'n elektroniese stelsel.

b) Die inskrywingsbeampte hanteer die inskrywingsvorm.

c) Die lid oorhandig sy duif aan die duiwe hanteerder wat die duif deur die elektroniese stelsel inskryf. Die hanteerder bevestig die geslag aan die inskrywingsbeampte waarna die mandjie hardop toegeken word deur die inskrywingsbeampte aan die duiwe draer.

d) In geen mandjie mag meer as die maksimum aantal duiwe waarvoor die mandjie ontwerp is geplaas word nie en geslagte moet ook in verskillende mandjies geplaas word, met dien verstande dat elke lid se duiwe so ver moontlik eweredig in die mandjies versprei moet word.

e) Alle potgeld moet betaal wees voordat ŉlid se duiwe in mandjies geplaas mag word.

f) Nadat ŉduif deur die elektroniese stelsel gergistreer is, mag dit nie van ŉwedvlug onttrek word nie tensy so ŉduif op so ŉwyse beseer is dat hy nie aan die wedvlug kan deelneem nie of in enige fisieke toestand ongeskik is of tensy sodanige duif daarna as siek of besmet bevind word, in welke geval die verwyderbare ring van die duif se poot afgehaal en vernietig word.

g) Na afloop van inkorwing moet die wedvlugsekretaris alle ingevulde inskrywingsvorms in sy besit neem vir bewaring, asook enige ander dokumente wat betrekking het op die betrokke wedvlug. Hierdie stukke moet daar en dan behoorlik verseël word in teenwoordigheid van ŉlid van die wedvlugkomitee en moet verseël bly totdat die klokke na die vlug oopgemaak en gelees word en kan dan in aanwesigheid van die klokkomitee geopen word.

7. <u>VERSEËLING, SLUIT EN VERTREK VAN VRAGMOTOR ;</u>

7.1 Nadat alle duiwe in mandjies geplaas is, word die mandjies en vragmotor behoorlik verseël en gesluit op ŉwyse soos deur die hoofbestuur bepaal.

7.2 Die begeleier (-s) word daarna deur die voorsitter òf die wedvlug sekretaris byeengeroep en die verseëlde en gesluite vragmotor word oorhandig tesame met loslatingsinstruksies en enige verdere mondelinge instruksies wat nodig mag wees.

7.3 Die voertuig vertrek hierna dadelik en mag geen plek aandoen behalwe om brandstof in te neem of nodige herstelwerk indien nodig te laat doen, behalwe waar die hoofbestuur anders opdrag gegee het.

7.4 Nadat die voertuig verseël is mag geen lid hetsy hy ŉ lid van ŉkomitee is of enige ander amp beklee die plek waar die duiwe bewaar word op enige wyse binnegaan of met die mandjies en voertuig peuter nie, en as ŉlid dan wel so ŉ plek wil binnegaan, kan dit slegs geskied in die aanwesigheid van minstens drie ander lede waarvan een ŉ lid van die hoofbestuur moet wees.

8. <u>VERVOER :</u>

8.1 Alle duiwe wat vir wedvlugte ingeskryf is, sal ingeskryf word heeltemal op die eienaar se risiko.

8.2 Die WRDK sal nie verantwoordelik wees vir die aflewering, vertraging of enige besering of verlies van resiesduiwe van watter aard ook al nie.

8.3 Duiwekos wat gedurende wedvlugte gebruik word, sal deur die WRDK voorsien en betaal word. Die WRDK sal voedsel en water waar nodig voorsien.

9. ENIGE BESKADIGING AAN VOERTUIG, MANDJIES, ENS. VOOR LOSLATING :

9.1 As enige mandjie bevattende duiwe wat vir ŉwedvlug gestuur is, onverseël is of beskadig word op so ŉwyse dat dit as onveilig beskou word, is die begeleier (-s) verplig om onmiddellik die aandag van die amptenare in beheer by die loslatingspunt te vestig op die nommer van die mandjie en ŉverslag van die fout moet deur die begeleier (-s) aan die WRDK gegee word. Alle duiwe by die loslatingspunt, in onveilige of beskadigde mandjies, sal gediskwalifiseer word.

9.2 Die vervoerder is ook verplig om enige mandjie wat hy ongeskik beskou vir die vervoer van resiesduiwe by die WRDK se voorsitter of by die wedvlugsekretaris aan te meld en die gebruik van sodanig mandjie sal nie weer toegelaat word nie, tensy dit voldoende reggemaak is.

10. LOSLATING VAN DUIWE :

10.1 Duiwe vir ŉ bepaalde resies word gelyktydig losgelaat op ŉuur soos van tyd tot tyd bepaal deur die hoofbestuur van die WRDK en word per brief aan die begeleier oorgedra.

10.2 Geen individuele lid mag met die begeleier op enige wyse skakel voor loslating van duiwe nie of voordat die datum,

tyd en plek van loslating deur die begeleier van die WRDK voorsitter gerapporteer is nie, met dien verstande dat die voorsitter wel met die begeleier in verbinding mag tree indien omstandighede van welke aard dit mag regverdig.

10.3 As duiwe op 'n Sondag losgelaat word, sal hulle so vroeg as moontlik losgelaat word.

10.4 Die loslatingstyd sal bevestig word op die verslagvorm van die begeleier.

10.5 Rybeurte sal wanneer nodig deur die hoofbestuur bepaal word en lede is verplig om hulle verpligtinge na te kom aangesien oortreding van die reël in 'n baie ernstige lig beskou word. Sover moontlik sal name saam met die wedvlugprogram uitgereik word, maar nie later as een week voor die wedvlug nie.

10.6 Geen uitruil van rybeurte sal toegelaat word, indien die hoofbestuur dit nie goedgekeur het nie.

## 11. RAPPORTEER VAN EERSTE DUIF :

11.1 Vir wedvlugte verder as 500 km sal die aankoms van elke lid se eerste duif aan die wedvlugsekretaris gerapporteer word binne 30 minute na die aankoms van so 'nduif.

Indien 'n lid versuim om te rapporteer, of laat rapporteer sal die klokkomitee die saak aanhoor en gepaste tugstappe aanbeveel, indien nodig.

Waar die lid nie telefonies verbinding kan maak met die kontrole beampte nie, kan enige ander bestuurslid gekontak word, wat dit moet aanteken en so gou moontlik

onder die aandag van die spesifieke kontole beampte moet bring.

11.2 Vir wedvlugte vanaf 551 tot 800 km sal elke lid die hoeveelheid duiwe wat deur hom geklok is, op die eerste dag van elke vlug, asook op die tweede dag indien dit ʼndriedagvlug is, aan die beampte soos gemeld in Klousule 10.1, rapporteer, sodat die voorsitter kennis kan gee dat die wedvlug oorgaan na die volgende dag al dan nie.

11.3 Indien die vlug oorloop na ʼnvolgende dag, sal alle lede se klokke uitgelui word volgens die voorsitter se besluit met ander woorde op die volgende dag. Geen lid sal toegelaat word om sy klok vroeër te laat uitlui nie.

12. URE VAN DUISTERNIS :

Wanneer geen duif geklok word op die dag van die vlug nie, sluit die wedvlug om 19h00 en neem weer in aanvang 07h00 die volgende oggend, met dien verstande dat indien ʼnduif geklok word voor openingstyd of na sluitingstyd, die wedvlug geag geopen of gesluit te wees vir 30 minute rondom die tyd waarop sodanige duif geklok is, bereken tot die naaste 5 minute.

13. SLUIT VAN VLUGTE :

13.1 Alle vlugte sluit op dag end van die dag waarop die betrokke vlug sou klaarmaak.

13.2 Vlugte tot 450 km is eendagvlugte wat nie oorloop tot die volgende dag nie.

13.3 Vlugte vanaf 451 tot 550 km is tweedagvlugte.

13.4 Vlugte vanaf 650 km is driedagvlugte.

13.5 Na rapportering soos gemeld in Klousule 10.2 kan tweedag- en driedagvlugte vroeër uitgelui word sou alle posisies reeds gevul wees of sou alle lede wat aan die betrokke vlug deelneem daartoe toestem.

14. UITLUI VAN KLOKKE :

Klokke word uitgelui ooreenkomstig klousule 10 van die klokreëls.

15. OPEISING EN LOSLATING VAN WEDVLUGDUIWE :

'n Lid van die hoofbestuur of enige persoon deur die hoofbestuur daartoe gemagtig, mag te eniger tyd na 'nwedvlug, enige duif opeis vir inspeksie en mag sodanige duif loslaat binne 'nafstand van 100 meter vanaf die hok waaruit die duif gehaal is en indien so 'nduif nie terugkeer binne 'nredelike tyd na dieselfde hok of aansluit by 'nander hok en hom daar vestig nie, moet sodanige feite aan die hoofbestuur vermeld word vir optrede.

16. BESKIKKING OOR REKORDS :

Wedvluginskrywingsvorms en elektroniese inskrywings word, nadat dit gebruik is, by die bepaling van die wedvlug se uitslag deur die sekretaris bewaar tot veertien dae nadat die uitslag van die laaste wedvlug amptelik bekend is met die voorbehoud dat, waar daar 'nappèl aangeteken is, daardie spesifieke vlug se vorms gehou moet word totdat finale beslissings geneem is.

17. <u>ALGEMENE AANVULLENDE BEPALINGS :</u>

17.1 Prysgelde sal indien toegeken vir wedvlug uitbetaal word sewe (7) dae na die bekendmaking van die wedvlug uitslae of op 'ntyd soos deur die hoofbestuur besluit met dien verstande dat die betrokke wedvlug se prysgelde direk voor die wedvlug gevorder is en aan die tesourier oorhandig is. Indien die prysgeld deel van die klub se begroting vorm sal die prysgeld in die vorm van 'n krediet aan die betrokke lid op sy rekening gekrediteur word. Pryse sal uitbetaal word soos van tyd tot tyd deur die hoofbestuur bepaal word en die hoeveelheid prysgeld wat per wedvlug betaal word sal aan die lede bekend gemaak word voor die wedvlug plaasvind.

17.2 As net een genomineerde duif tydens wedvlugtyd ingeklok is sal dit die hele prysgeld ontvang.

17.3 As die elektroniese ring nie met die “read en write“kode op die inskrywingsvorm ooreenstem nie sal die inskrywing gediskwalifiseer word.

17.4 As die elektroniesenommer of –letter verkeerd reflekteer, kan die klokkomitee die ring aanvaar as hulle hulleself oortuig het dat dit 'n bonafide fout in die elektroniese ring is van die wedvlugring.

17.5 'n Algemene sertifikaat wat alle posisies behaal en toegeken gedurende die jaar aantoon, sal uitgereik word.

17.6 Vir elke wedvlug met 120 duiwe en meer wat vir daardie wedvlug ingeskryf is word 40 plekke toegeken.

17.7 Klubposisies sal elke aand by uitlui voorlopig bepaal word en punte verwerf sal daarna bereken word, waarna totale punte op datum gebring sal word. Alleenlik waar besware aangeteken word, wat later gestaaf word sal aan punte verstel word.

17.8 Die algemene vergadering het die reg om van tyd tot tyd by wyse van 'n besluit geneem voorskrifte daar te stel met betrekking tot :

a) Die uitreik van sertifikate aan presterende lede.
b) Die aanbeveling van lede vir erekleure na die NRB.
c) Die uitreik van bekers aan presterende lede.

## 18. APPÈL TEEN UITSLAE :

'n Appèl moet skriftelik en gemotiveerd by die sekretaris ingedien word nie later nie as drie dae nadat die uitslae bekend gemaak is nie. Soos in die geval van enige klagte moet so 'n klag saam met N500.00 ingedien word en sou die appel slaag word die gelde aan die klaer terug betaal.

## 19. HOKPOSISIES BUITE STAD WINDHOEK

19.1 Die WRDK neem kennis van stedelike ontwikkeling suid van Windhoek. Vir die rede behou die klub die reg voor om veranderinge aan sy reels te bring sodra daar
meer as 1 lid uit gebiede verder as 10km radius van Windhoek stad begin vlieg word.

**KLOKREELS**

1. GEBRUIK VAN BEPAALDE KLOKKE :

Elke deelnemer aan ’n wedvlug moet ’nklok gebruik wat spesiaal ontwerp en vervaardig is vir die aanteken van tyd van aankoms van wedvlugduiwe. Die gebruik van alle klokke is onderhewig aan die goedkeuring van die hoofbestuur. Geen klokke anders as elektroniese klokke, of een wat in ’nnie-werkende toestand is nie, sal aanvaar word nie.
Die WRDK sal spaar klokke aan nuwe lede beskikbaar stel met dien verstande dat die nuwe lid spoedig vir hom sy eie klok en antennae sal aanskaf. Die kub sal help met die reelings en aanskaf van die nodige items.

2. KLOKKOMITEE :

2.1 Die hoofbestuur stel jaarliks ’nklokkomitee saam uit soveel lede as wat geskik geag word onder voorsitterskap van die wedvlugsekretaris, voor die begin van die eerste wedvlug.

2.2 Die klokkomitee sal belas wees met die hantering van alle sake wat betrekking het op die vasstelling van die eindresultaat van ’nbepaalde of alle vlugte van die WRDK,

insluitende die kontrolering van klokke wat betref toestand, battery lewe ens. Met dien verstande egter dat dit die plig van elke lid sal wees om voor elke wedvlug toe te sien dat sy klok behoorlik gediens is., met dien verstande voorts dat waar 'nklokkomitee 'nklok terughou, die verantwoordelikheid soos vermeld by daardie klokkomitee berus.

2.3 Indien 'nlid van die klokkomitee afwesig is, mag die res van die klokkomitee gesamentlik 'nander lid koöpteer om behulpsaam te wees.

2.5 As daar dan gevind word, of te eniger tyd gedurende die wedvlugte, dat 'n klok nie voldoen aan die vereistes van die klokreëls nie, sal sodanige klok reggemaak word deur sy eienaar op sy eie onkoste tot die bevrediging van die klokkomitee. Voordat sodanige klok weer gebruik word, sal die klokkomitee op dieselfde wyse handel soos in hierdie afdeling uiteengesit.

## 3. INTREK EN OMRUIL VAN KLOKKE :

Waar die hoofbestuur of klokkomitee ongeruimdhede vermoed, kan die hoofbestuur, indien hy dit goeddink, die klubklok aan daardie lid gee vir die volgende vlug en sy klok intrek vir ondersoek.

3.1 Klublede wie van die EKS sisteem gebruik maak is verantwoordelik vir die voorsiening van die nodige harde- en sagteware om die

sisteem ten volle versoenbaar te maak met die sisteme wat deur die WRDK gebruik word.

3.2 Die Klok komitee kan die gebruik van 'ngoedgekeurde EKS weier op grond daarvan dat die korrekte sagte-en hardeware nie beskikbaar is nie.

3.3 Lede wie van 'n EKS kloksisteem gebruik maak, moet :

(a) die elektroniese register ringe gebruik wat ten minste twee identifikasie syfers en letters registreer tydens registrasie of inskrywing.
(b) die elektroniese ringe wat gebruik word moet deur die WRDK goedgekeur word, en moet dié wees wat deur die betrokke maak EKS voorsiener, voorsien word.
(c) elektroniese ringe wat vir wedvlugte gebruik word moet van die “READ/WRITE” tipe wees.

3.4 INSTALERING :

EKS sensors moet so geïnstalleer word dat die duif by spoed registrasie onder die volle beheer van die lid in 'n “trap” of die hok is. Sensors moet ten alle tye in “traps” geïnstalleer wees en kan dus alleen in die volgende posisies geplaas word :

(i) Enige plek in die hok waar 'n“fly-in”, “open door” sisteem gebruik word. (Sien skets 1)
(ii) In die toe loopgang van 'noopgat inspring sisteem.

(Sien skets 2)

(iii) Op die onderste vloerplaat van 'n"sputnik-trap". (Sien skets 3)

(iv) Op die binne glyplaat van 'n"Amerikaanse stall (speed) trap". (Sien skets 4)

(v) Enige plek in die hok waar 'ndeur toegemaak kan word en die duif so onder die volle beheer van die lid kom.

(vi) Die antennae moet egter so opgestel wees dat die duif nie direk daarop kan land met terugkoms nie.

3.5 Geen sensors of enige ander sisteem mag buite die hok, op die hok of in die omgewing van die hok geplaas word nie.

3.6 REGISTRASIE :

Die wedvlugsekretaris moet voor die wedvlugseisoen die elektroniese ringe waarmee wedvlugduiwe gering is, die nagaan om so te verseker dat die sluitmeganismes van elke ring behoorlik gesluit is berus by die betrokke duiweboer.

3.7 Nadat alle elektroniese ringe behoorlik aangesit is moet die wedvlugsekretaris of 'nkommitee lid, voor die wedvlug seisoen in aanvang neem, alle so geringde duiwe wat aan wedvlugte gaan deelneem skandeer en hulle lewensringnommers inlees. 'nRegistrasie rapport van die duiwe se ringnommers moet gedruk word en deur die wedvlugsekretaris onderteken word. Die oorspronklike verslag moet deur die wedvlugsekretaris bewaar word en 'nafskrif moet aan die lid gegee word wat dien as bewys van

registrasie vir deelname aan WRDK wedvlugte van die duiwe daarin genoem.

3.8 MANDJIE EN WEDVLUG PROSEDURES :

Alle klokke word met een aanslag in- en uitgelei. Die meesterklok of in die geval van elektroniese klokke die worldclock word hiervoor gebruik.

3.9 Amptelike inskrywingsvorms moet gebruik word as die klokke nie al die verlangde besonderhede soos geslag en kleur toon nie.

3.10 Die wedvlugsekretaris of ʼnkomitee lid moet elke individuele kontrole module of sisteem sleutel voor en na elke wedvlug aansit en proklammeer.

3.11 Lede moet alle ringe en horlosies van hulle arms en vingers verwyder en hulle hande oor die inskryf sensor beweeg voordat hulle hulle duiwe elektronies registreer.

3.12 Nadat duiwe elektronies ingeskryf is moet ʼn lys van die lid se inskrywing gedruk word wat as bewys van inskrywing van die daarin vermelde duiwe sal dien. Die wedvlugsekretaris moet die lys teken en ʼn afskrif aan die deelnemer gee en die oorspronklike bewaar. As 'n deelnemer aan meer as een wedvlug, op dieselfde dag deelneem, kan die lys na die tweede inmandjie voorsien word.

3.13 As die data gestoor in 'nEKS sisteem defektief raak óf verlore raak óf onversoenbaar raak gedurende die periode tussen inlui en uitlui, word alle inskrywings deur sodanige sisteem eienaar tov die betrokke wedvlug of wedvlugte gediskwalifiseer die klok komitee kan egter in hul uitsluitlike diskresie besluit of van die data op die EKS sisteem bruikbaar is om die duiweboer met uitlui te help. Die wedvlugsekretaris en kommitee moet daarop onverwyld ondersoek na die oorsaak van die program ineenstoring instel.

3.14 As enige lid doelbewus poog om die elektroniese data van die sisteem van 'nander lid te versteur of te vernietig sal sodanige lid se inskrywing/s tov die besondere wedvlug of wedvlugte gediskwalifiseer word. Verdere tugstappe teen die betrokke lid word nie uitgelsluit nie.

3.15 Na die sluiting van inskrywings vir besondere wedvlugte moet die wedvlugsekretaris of 'nkommiteelid al die wedvlugdata, voordat dit vanaf die EKS sisteem na die komper oorgeplaas word, druk welke drukstuk vir latere moontlike verwysing gebruik moet word. Alle data-lêers moet gestoor word vir latere moontlike herwinning.

3.16 Sou 'nEKS sisteem (na inskrywing of na 'nwedvlug) nie instaat wees om 'nuitdruk van dié data te verskaf nie maar tog die data volledig vertoon, moet die wedvlugsekretaris

dié data per hand afneem – welke verslag dan gebruik moet word om die wedvlug resultate te bepaal.